

# Openbaring 22

Bybelstudie 19

1

<b>246: Wie het Isebel tereggestel?</b>			
Ahasia	Gasael	Joram	Jehu
<b>247: Wat het veroorsaak dat Saul Samuel gaan opsoek het voor hy gekroon is?</b>			
Verlore donkies	Siek vader	Verlore erfporse	Besmette wingerd
<b>248: Hoeveel seuns het Isai gehad?</b>			
5	6	7	8
<b>249: Hy het leëroweste in die plek van Joab beword</b>			
Abner	Amasa	Jonatan	Benaja
<b>250: Wie was Salomo se moeder?</b>			
Abigail	Batseba	Mikal	Abisag
<b>251: Watter taak het Sagaria verrig as prediking</b>			
Soldaat	Pottebakker	Boer	Herder
<b>252: Wie was die eerste rigter van Israel?</b>			
Ehud	Kaleb	Otniël	Simson

2

<b>246: Wie het Isebel tereggestel?</b>			
Ahasia	Gasael	Joram	D: 2 Konings 9:33
<b>247: Wat het veroorsaak dat Saul Samuel gaan opsoek het voor hy gekroon is?</b>			
A: 1 Samuel 9	Siek vader	Verlore erfporsie	Besmette wingerd
<b>248: Hoeveel seuns het Isai gehad?</b>			
5	6	7	D: 1 Samuel 16:10, 11
<b>249: Hy het leëroweste in die plek van Joab beword</b>			
Abner	Amasa	Jonatan	D: 1 Konings 2:35
<b>250: Wie was Salomo se moeder?</b>			
Abigail	B: 1 Konings 1:11	Mikal	Abisag
<b>251: Watter taak het Sagaria verrig as prediking</b>			
Soldaat	Pottebakker	Boer	D: Sagaria 11
<b>252: Wie was die eerste rigter van Israel?</b>			
Ehud	Kaleb	C: Rigters 3	Simson

3

1. Waarom moet die woorde van Openbaring ook aan die heidene verkondig word?

Ongelowiges is ook mense wat God geskep het en 'n verantwoordelikheid gegee het.

In die tuin van Eden was die mens se eerste reaksie om homself te verontskuldig en die skuld op iemand anders te pak:

- Adam pak die skuld op Eva – en God;
- Eva pak die skuld op die slang
- Die slang? Die duiwel het my gebruik.

Vóór die sondeval het God aan die mens verantwoordelikheid gegee vir sy eie daade, met die waarskuwing dat sonde gevolge het.

Heidene het verantwoordelikheid – erken of verwerp.

Niemand kan hom / haarself verontskuldig en dink dat hy / sy slagoffer is nie. Geen verskoning!

4

## 2. Hoe moet ons ons klere was (14)?

Ander grondteks gebruik

1953: Salig is die wat sy **gebooie** doen

1983: Geseënd is dié wat hulle **klere** was,

2020: Geseënd is dié wat **lang stolas** was,

Letterlik: Salig diegene wat **spoel** hul **stolas**

Salig / Gelukkig: vol van die genade van die Here

Was / spoel. Indompel. Slegs deur die bloed van Jesus kan die dade van die mens reg wees.

Klere / stola: Letterlik: Hulle bedekking. Simbolies: regverdige dade

Jesus se versoening gee die reg tot boom van die lewe

Boom van die lewe: toegang verbode deur die sondeval – nou toegang oop: Kan in die poorte van die stad ingaan.

Erken, aanvaar en glo dat Jesus jou skoon gewas het in Sy bloed.

5

## 3. Verklaar vers 18 en 19.

<sup>1933:</sup> Want ek betuig aan elkeen wat die woorde van die profesie van hierdie boek hoor: As iemand by hierdie dinge **byvoeg**, dan sal God oor hom die **plae byvoeg** waarvan in hierdie boek geskrywe is. <sup>19</sup> En as iemand iets van die woorde van die boek van hierdie profesie **wegneem**, dan sal God sy **deel wegneem** uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is.

<sup>1983:</sup> Ek betuig aan almal wat die woorde van hierdie profetiese boek hoor: As iemand iets hieraan **byvoeg**, sal God vir hom die **plae byvoeg** waarvan in hierdie boek geskrywe is; en as iemand een van die woorde van hierdie profetiese boek **wegneem**, sal God sy deel aan die boom van die lewe en aan die heilige stad **wegneem** waarvan in hierdie boek geskrywe is.

Byvoeg: let op van die PLAE. Dus: moenie meer sê as wat God sê nie. Jy kan iets sê wat God nie sê nie – en leuens aan God toedig.

Wegneem: nie alles sê wat God sê nie: nie genade uitlaat of oordeel verswyg nie.

Net Openbaring? Besef dat dit die laaste boek (chronologies) wat geskryf is. Wat vir die een boek geld, geld vir almal!

As ons die Bybelvertalings vergelyk, is daar nie weglatings nie?

6

Onthou: die Bybel is vir 1500 jaar met die hand oorgeskryf.



Lees en skryf foute moontlik  
Praat en hoor foute moontlik

Daar is letterlik duisende kopieë beskikbaar – maar nie een oorspronklike een nie.



Hoe word die akkuraatheid van die Bybel vasgestel?

Vergelyk tekste! Hoe oud? Hoe ver van die plek waar dit oorspronklik geskryf is?

Korter teks waarskynlik meer akkuraat. Ouer teks waarskynlik meer akkuraat.

Teks van 1933-vertaling dateer uit manuskripte van ± 1100 nC

Teks van 1983 / 2020-vertaling dateer uit manuskripte van ± 400 nC

99.5% van die Bybel is daar nie verskille nie!

7



8

18 Μαρτυρῶ ἐγὼ παντὶ τῷ ἀκούοντι τοὺς λόγους τῆς προφητείας τοῦ βιβλίου τούτου· ἐάν τις ἐπιθῆ ἑπ' αὐτά, ἐπιθήσει ὁ θεὸς ἐπ' αὐτὸν τὰς πληγὰς τὰς γεγραμμένας ἐν τῷ βιβλίῳ τούτῳ. 19 καὶ ἐάν τις ἀφέλῃ ἀπὸ τῶν λόγων τοῦ βιβλίου τῆς προφητείας ταύτης, ἀφελεῖ ὁ θεὸς τὸ μέρος αὐτοῦ ἀπὸ τοῦ ξύλου τῆς ζωῆς καὶ ἐκ τῆς πόλεως τῆς ἁγίας, τῶν γεγραμμένων ἐν τῷ βιβλίῳ τούτῳ.

20 Λέγει ὁ μαρτυρῶν ταῦτα, Naί, ἔρχομαι ταχύ. Ἄμην, ἔρχου, κύριε Ἰησοῦ.

21 Ἡ χάρις τοῦ κυρίου Ἰησοῦ<sup>2</sup> μετὰ πάντων<sup>3,4</sup>.

2073 2138 2432 it<sup>si</sup>e syr<sup>ph</sup> cop<sup>bo</sup> (arm τηροῦντες τὰς) Tertullian Cyprian Tyconius Andrew (Beatus) Arethas

<sup>2</sup> 21 {B} κυρίου Ἰησοῦ N A 1611 2053 // κυρίου 1859 // κυρίου Ἰησοῦ Χριστοῦ 046 051 94 1006 1854 2020 2042 2065 2073 2138 2432 eth Andrew // κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ 205 254 2067 it<sup>ar,c,dem,div,sic,haf</sup> vg syr<sup>ph,h</sup> (cop<sup>m</sup> omit Χριστοῦ) arm Ps-Ambrose Beatus // omit ἡ χάρις τοῦ κυρίου Ἰησοῦ 2329 cop<sup>bo</sup>

<sup>3</sup> 21 {C} μετὰ πάντων A (it<sup>sc</sup> cum omnibus hominibus) vg<sup>m</sup> Tyconius Beatus // μετὰ πάντων ἡμῶν 296 it<sup>c,dem,div,haf</sup> vg<sup>d</sup> eth Ps-Ambrose // μετὰ πάντων ἡμῶν 2049 2050 // μετὰ τῶν ἁγίων N it<sup>si</sup>e // μετὰ τῶν ἁγίων σου 2329 (see footnote 2) // μετὰ πάντων τῶν ἁγίων 046 051 94 1006 1611 1854 1859 2020 2042 2053 2065 2073 2138 2432 syr<sup>ph</sup> cop<sup>m</sup> arm Andrew Arethas // μετὰ πάντων τῶν ἁγίων αὐτοῦ 2030 syr<sup>ph</sup> // upon all the saints unto age of the ages cop<sup>bo</sup> (cop<sup>bo</sup> omitt age of the age) (see footnote 2)

<sup>4</sup> 21 {C} omit ἄμην. A 1006 2065<sup>sc</sup> 2432 it<sup>sc,sic</sup> Tyconius Andrew<sup>a,bay</sup> Beatus Arethas // add ἄμην. N 046 051 94 1611 1854 1859 2020 2042 2053 2065<sup>omitt</sup> 2073 2138 it<sup>c,dem,div,haf</sup> vg syr<sup>ph,h</sup> cop<sup>m,bo</sup> arm eth Andrew<sup>a,bay</sup> Arethas // add ἄμην ἄμην. cop<sup>bo</sup> omitt

16 ἐγὼ εἶμι... Δαυὶδ Is 11.1, 10; Ro 1.3; Re 5.5 ὁ ἀστήρ... πριωνός Nu 24.17; Re 2.28 17 ὁ δαίμων... δωρεάν Is 55.1; Ju 7.37; Re 21.8 18-19 ἐάν τις... προφητείας ταύτης Di 4.2; 12.32 19 τοῦ ξύλου τῆς ζωῆς Gu 2.9; 3.22; Eze 47.12; Re 22.3, 14 20 ἔρχομαι ταχύ Re 2.16; 3.11; 22.7, 12

2: Ander lesing 3: Ander lesing 4: Ander lesing

2: Here Jesus  
2: Here Jesus Christus  
3: met almal  
3: met julle almal  
3: met die heiliges  
3: met al die heiliges  
4: Amen

9

#### 4. Wat moet ons bede elke oggend wees?

Hy wat dit getuig, sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom, Here Jesus!

#### 5. Wat moet ons bede elke aand wees?

<sup>7</sup> Kyk, Ek kom gou. Salig is hy wat die woorde van die profesie van hierdie boek bewaar.

Salig is die wat sy gebooe doen, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en ingaan deur die poorte in die stad

Here, U het nie vandag gekom nie. Bewaar my dat ek U gebooe kan doen, my klere was in U bloed.

#### 6. Wat is die troos-boodskap van hierdie gedeelte?

10